*Dinsdag* **29**

**SKRIFGEDEELTE: LUKAS 7:36 – 8:3**
**FOKUSGEDEELTE: LUKAS 8:1-3**

**Susanna – God se liefde lei tot diensbaarheid**

By die meeste van ons is Kersfees nog vars in die geheue. Ons onthou nog die lekker samesyn met familie en vriende, maar veral ook waaroor Kersfees gaan. God het ons so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo tot in ewigheid in ’n herstelde verhouding met Hom kan lewe. Waar die Gees ’n hart oortuig van die liefde van God, soos ons dit in die persoon en werk van Christus ken, daar raak God se kind diensbaar.

*God se liefde lei tot diensbaarheid!* Hierdie waarheid sien ons in die lewe van Susanna (lelie) en twee ander vroue, Maria Magdalena en Johanna die vrou van Gusa. Elkeen van hierdie vrouens se lewens was eers deur bose geeste of siektes gebind gewees. Christus genees hulle en Hy verkondig aan hulle die vergifnis van sondes vir elkeen wat glo dat Hy die gestuurde Verlosser van God is.

Baie mense het gesien wat Jesus gedoen het en gehoor wat Hy verkondig het, tog het baie op verskillende maniere gereageer. Baie was verslae en is met ontsag vir God vervul, ander het gesê dat Jesus *“’n vraat en ’n wynsuiper, ’n vriend van tollenaars en sondaars”* (Luk. 7:34) is. Sommige wou nog eers dink en wonder oor Wie Jesus is. Susan reageer deur haarself en haar besittings in diens van Christus te stel.

Met die Kersboodskap nog vars in ons geheue, staan ons op die punt om die nuwe jaar binne te gaan. Die vraag is: Hoe gaan ek reageer op die heerlike waarheid dat ek in Christus met God versoen is?

Kom ons stel onsself en ons besittings in die nuwe jaar in diens van Christus.

*Sing: Psalm 40:3, 4 (1936)*

*Ds. HJ (Hendrik) Stoltz (Ontdekkers)*